materiaal nie. Die groot probleem is veral die terugsterwing van takke na snoei.

Die Apiesdoring (*A. galpinii*) is by uitstek geskik om in die Platkroonstyl gevorm te word. Apiesdorings se stamme toon sterk ooreenkomste in terme van kleur en tekstuur met dié van die Papierbas. Verder vertak dit baie keer op dieselfde hoogte om 'n tregter te vorm sonder 'n dominante tak as apeks. Die lote van Apiesdorings is ook redelik lank sonder baie fyn groei. Die sterk kaal raamtakke kan dus so geskep word. Tog het dit 'n goeie blaarnetwerk om die plat kroon te vorm.



DIE PIERNEEF GROEPSTYL

OOSIE OOSTHUIZEN

INLEIDING

Pierneef was die eerste kunstenaar wat hierdie wonderlike styl vir ons voorgehou en deurgegee het met sy vroeëre skeppings van tekenwerke en skilderye van bome in en om ons eie Bonsai Kai se "Heimat". Oorlewering wil dit hê dat hy sy eerste inspirasie verkry het van die *A. tortilis*, die welbekende haak-en-steekdoring, 'n spesie wat in meeste dele van ons land voorkom. Die mooiste voorbeelde van hierdie sambreelvormige bome kry ons veral in en om Pretoria asook in die Kruger Wildtuin.

TOEPASSING NA BONSAI

Byna sestig jaar het verloop sedert Pierneef hierdie spesifieke styl op papier em doek begin skep het totdat Charles Ceronio, 'n geëerde lid van ons Kai, hierdie styl in bonsai (tesame met die Kremetart-styl) verewig het deur wereld-erkenning daarvoor te verwerf. Hy het met sy toespraak oor *Winde van verandering in Suid-Afrikaanse bonsaistyle* tydens die nasionale konvensie in 1980, wat daardie jaar in Kaapstad gehou is, as pionier van die styl te voorskyn getree. Sedertdien kom die Pierneefstyl in bykans elke nuwe bonsai publikasie wat die moeite werd is voor.

BESKRYWING VAN DIE STYL

Kyk ons na die embleem van ons vereniging, vind ons dat 'n belangrike aspek van die styl daarin geleë is naamlik